# Leierbeleid

Om geen leerder die geleentheid te ontneem om hom/haar as ‘n leier te ontwikkel nie, gun ons al die graad 7’s ‘n kans om in ‘n leiersposisie te staan en te ontwikkel as persoon. Daarom word alle graad 7’s tot leiers verkies. Leieropleiding vind plaas om die graad 7’s te bemagtig vir die toekoms.

## Voordele ten opsigte van ons leerders:

- Alle leerders kry ‘n gelyke geleentheid om te ontwikkel as toekomstige leiers deur in verskillende posisies te dien. Bv. Skolierpatrollie, media-, terrein-, kleuterskool- en snoepieleiers.
- Ons graad 7’s kom as ‘n eenheid voor deurdat almal leierdrag sal dra.
- Die gees onder die graad 7-leerders verbeter.
- Opleiding sal met al die graad 7-leerders deur die jaar plaasvind.
- Al die graad 6-leerders gaan op ‘n ontwikkelingskamp.
- Graad 7-leerders voel deel van die leierkorps en graad 7 groep.

## Wangedrag:

Indien ‘n leier hulle skuldig maak aan enige wangedrag sal ‘n dissiplinêre prosedure gevolg word.

## Die stemproses:

- Die stemproses en riglyne word vooraf met personeel bespreek en verduidelik.

- **Daar word 'n groep hoofleiers, na afloop van die kamp en stemming deur personeel en graad 6-leerders, verkies wat dan sal dien as hoofseun en hoofdogter vir die onderskeie kwartale om sodoende elkeen in die hoofleiergroep 'n kans te gee om te dien as hoofseun en hoofdogter.**

**<u>Verkiesing van hoofleiers</u>:**

- **Die personeel se stem werk op 'n bekend/ onbekend sisteem.**
- **Slegs die graad 4-6 personeel en SMT mag stemme uitvoer.**
- **Graad 1-3 en graad 7-personeel wat in die huidige graad 6 jaar 'n leerder afgerig het mag, slegs met motivering, 'n stem uitoefen.**
- **Na afloop van die leierkamp kry die bogenoemde personeel die geleentheid om vir 4 hoofleierseuns en 4 hoofleierdogters te stem.**
- **'n Kortlys van 10 seuns en 10 dogters word saamgestel.**
- **Die kortlys word dan weer aan personeel deur die leiervoogde voorgelê.**
- **Na hierdie voorlegging mag die bogenoemde personeel weer vir 4 seuns en 4 dogters stem en sal die top 4 leerders (4 seuns en 4 dogters) wat die meeste stemme ontvang, gekroon word as Hoofleiers en Hoofleidsters.**

**<u>Gr. 6-leerders</u>**

**Daar word vooraf met die graad 6-leerders die volgende aspekte hanteer en bespreek:**

- **Prosedure word verduidelik.**
- **Riglyne word bespreek.**
- **Vertroulikheid rondom personeel stemming word beklemtoon.**
- **Reik uit na leerders wat bemoediging nodig het voor- en na afloop van bekendmaking om teleurstelling te kan verwerk.**

**Riglyne vir die kies van hoofleiers:**

**Leerders: 10 % van stemtelling**

**Personeel: 90% bekend/ onbekend sisteem**

| | |
|---|---|
| 1. | Gesindheid en lojaliteit. |
| 2. | Vermoë om te lei en te organiseer. |
| 3. | Respek – onderwysers |
| 4. | Samewerking / Gehoorsaamheid. |
| 5. | Akademie. |
| 6. | Menseverhoudings. |
| 7. | Hulpvaardigheid, bereidwilligheid om te help. |
| 8. | Selfdissipline – nakom van skoolreëls. |
| 9. | Respek – maats. |
| 10. | Pligsgetrouheid. |
| 11. | Stiptelikheid. |
| 12. | Betrokkenheid. |
| 13. | Deursettingsvermoë. |

Tydens die kamp stem die graad 6-leerders nadat riglyne met hulle bespreek is. Daar sal wel geleentheid wees om te stem vir die leerders wat nie op die kamp was nie.

**Kleredrag en balkies:**

Leiers ontvang 'n aansteekbalkie asook 'n geborduurde balkie om aan hul kleurbaadjie (blazer) vas te werk. Die balkies is betaalbaar deur die ouers. Leierdrag word per brief aan ouers deurgegee.

**Uitstaande leierskap:**

Aan die einde van die jaar sal leiers wat uitstaande leierskap getoon het 'n sertifikaat ontvang. Daar word geen beperking geplaas op die hoeveelheid leerders wat wat hierdie sertifikaat kan ontvang nie.